4 APRIL

1878:

KOMMANDANT GIDEON SCHEEPERS

Gideon Scheepers is op **4 April 1878 g**ebore en op 17 Januarie 1902 deur 'n Britse vuurpeleton tereggestel. Dit het gevolg op sy militêre optrede in die Oos-Kaap tydens die Anglo-Boereoorlog gedurende 1900-1901. Tydens dié operasies het hy uitvoering gegee aan die republikeinse opperbevel se opdrag om die plaaswonings van mense wat die Boeremagte vyandiggesind was, af te brand. Hy het ook nie-blankes tereggestel wat hulle aan spioenasie vir die Engelse skuldig gemaak het.

Gedurende 1901 is sy kommando hoofsaaklik in die Kaapkolonie in distrikte soos Graaff-Reinet, Cradock en Murraysburg en selfs Montagu bedrywig. As gevolg van siekte moes sy kommando hom op 10 Oktober 1901 op die plaas Koppieskraal, in die distrik Prins Albert, agterlaat. Op 12 Oktober word hy deur die Britte gevang en na 'n week in Matjiesfontein se hospitaal, word hy eers in Beaufort-Wes aangehou voordat hy na die tronk op Graaff-Reinet oorgeplaas is. In Graaff-Reinet is Scheepers deur 'n Britse militêre hof aan moord, brandstigting, die vernietiging van treine en die mishandeling van gevangenes skuldig bevind en op 17 Januarie 1901 deur 'n vuurpeleton tereggestel. Na sy dood is hy deur die Britse soldate op 'n geheime plek begrawe.

Sy teregstelling het groot verontwaardiging in Suid-Afrika en oorsee ontlok. Selfs in die VSA het die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat besluite ondersteun dat hy volgens die Geneefse Konvensie behandel moet word, maar hierdie pogings was te laat om sy teregstelling te voorkom. Alhoewel Scheepers op sommige van die aanklagte skuld erken het, het hy deurgaans aangevoer dat hy die bevele van hoër offisiere uitgevoer het. Dit is ook bekend dat selfs Britse offisiere hulle aan dieselfde dade skuldig gemaak het. Dit word ook betwyfel of 'n Britse militêre hof kragtens die internasionale reg bevoeg was om, terwyl die oorlog nog aan die gang was, die doodvonnis uit te spreek oor 'n krygsgevangene wat nie 'n Britse onderdaan was nie. Gideon Scheepers was 'n gebore Transvaler. [310]

Bronne:

Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,II, pp.643-645 (Scheepers, Gideon Jacobus).

GS Preller: **Scheepers se Dagboek en die stryd Kaapland (I Oktober 1901 –18 Januarie 1902).** Kaapstad, 1916.

Ander gebeure op 4 April

- 1889: Hoofregter Henry Allen Fagan wat ook bekend was as politikus, joernalis, taalman en dramaturg op Tulbagh, Wes-Kaap, gebore.
- 1905: Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) word in die Hugenote-gebou in Kaapstad gestig.
- 1949: Die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) word gestig met Brussel, België, as die hoofkantoor. Die organisasie sou die onderlinge verdediging van die lidlande wat almal lede van die Westerse blok van Nasies was, waarborg.

1985: Koningin Elizabeth ll van Brittanje keur die wetsontwerp goed ingevolge waarvan Hongkong in 1997 aan China oorgedra word.